{Onversorgde kern aantekeninge van die liturg}

SESDE LYDENSONDAG: PALMSONDAG
Loop in Lydenstyd in die voetspore van Jesus

Tekste: Galasiërs 5: 13-26; Lukas 19: 28-44; Sagaria 9:9.
Liedere: Gesang 164: 1-2; Gesang 393: 1-4; Gesang 389: 1-3; Gesang 387: 1, 2, 4.

AANKONDIGINGS:

KLOK: Stilte en tyd vir nadenke ...

WYDING: Gesang 164: 1-2

VOTUM:

Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien.

SEËN:

Mag die Here, wat vrede gee, ons altyd in alle opsigte vrede gee! Mag die Here altyd by ons almal wees!

SESDE LYDENSONDAG: PALMSONDAG
Loop in Lydenstyd in die voetspore van Jesus

Tekste: Galasiërs 5: 13-26; Lukas 19: 28-44; Sagaria 9:9.
Liedere: Gesang 164: 1-2; Gesang 393: 1-4; Gesang 389: 1-3; Gesang 387: 1, 2, 4.

SANG: Gesang 393: 1-4 > Middelpunt van ons verlange.

WIL VAN GOD: Galasiërs 5: 13-26

13 Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie
julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen
nie, maar dien mekaar in liefde. 14 Die hele wet word in
hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê
soos jouself.” 15 Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op
dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.
16 Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die
Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor
begeertes van julle sondige natuur nie. 17 Wat ons sondige
natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die
Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer.
Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom
kan julle nie doen wat julle graag wil nie. 18 Maar as julle
julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die
wet nie.
19 Die praktyke van die sondige natuur is algemeen
bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid,
20 afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede,

rusies, verdeeldheid, skeuring, [21]afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.

[22]Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23]nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. [24]Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. [25]Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. [26]Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.

PREEK:

Dit is vandag die Sesde Lydensondag, daarom vra ons vir Martin van Staden om ses van die kerse te kom doodblaas. Eerskomende Vrydag (Goeie Vrydag), word die laaste kerks doodgeblaas.

SESDE LYDENSONDAG: PALMSONDAG
Loop in Lydenstyd in die voetspore van Jesus

Tekste: Galasiërs 5: 13-26; Lukas 19: 28-44; Sagaria 9:9.
Liedere: Gesang 164: 1-2; Gesang 393: 1-4; Gesang 389: 1-3; Gesang 387: 1, 2, 4.

Suzette Oosthuizen sal namens die gemeente met Opstandingsondag al die kerse weer aansteek.

Die laaste vyf Lydensweke, het ons in die prediking stilgestaan by die doel van Lydenstyd: ‘n Gefokusde tyd vir selfondersoek, skuldbelydenis, vas, gebed, diens aan ander en Bybellees. Tydens hierdie vyfde Lydensweek kan ons weereens daaraan aandag gee: selfondersoek, skuldbelydenis, vas, gebed, diens aan ander en Bybellees.

‘n Lidmaat reageer in die week so hierop: “Dit is baie goed met al die dinge van selfondersoek, Bybellees, vas, skuldbelydenis en gebed. Ek voel net dat dit beter is om dit altyd te doen en nie net in lydenstyd nie. Met die vas is dit regtig baie-baie moeilik. Dit is nie maklik nie. Sonder die hulp van Ons Vader kan mens dit nie doen nie.

Kom ons beweeg na een van ons lydenstyd dissiplines, naamlik Bybellees. Ons lees uit Matteus 21: 1-11 van Jesus se intog in Jerusalem. So ‘n belangrike deel van

Tekste: Galasiërs 5: 13-26; Lukas 19: 28-44; Sagaria 9:9.
Liedere: Gesang 164: 1-2; Gesang 393: 1-4; Gesang 389: 1-3; Gesang 387: 1, 2, 4.

Jesus se op aarde wees dat al vier die evangelies hierdie vertelling dra (Matteus 21: 1-11, Markus 11: 1-11, Lukas 19: 28-40 en Johannes 12: 12-19).

SKRIFLESING: Ons lees dit vandag uit Lukas 19: 28-44

28 Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het Hy voor hulle
uit geloop, op pad na Jerusalem toe. 29 Toe Hy naby
Betfage en Betanië kom, teen die Olyfberg, stuur Hy twee
van sy dissipels vooruit met die opdrag: 30 “Gaan na die
dorpie toe daar reg voor julle. Net soos julle inkom, sal
julle daar 'n jong donkie kry wat vasgemaak staan. Geen
mens het nog ooit op hom gery nie. Maak hom los en
bring hom hier. 31 En as iemand vir julle vra: ‘Waarom
maak julle hom los?’ moet julle antwoord: Die Here het
hom nodig.”
32 Die twee wat gestuur is, gaan toe en kry alles net soos
Hy vir hulle gesê het. 33 Terwyl hulle die donkie losmaak,
vra sy eienaars vir hulle: “Waarom maak julle die donkie
los?”
34 Hulle antwoord: “Die Here het hom nodig.”

35 Toe bring hulle die donkie na Jesus toe. Daarna gooi
hulle van hulle klere op sy rug en help Jesus opklim.
36 Terwyl Hy aanry, het hulle van hulle klere op die pad
oopgegooi.
37 Toe Hy naby die stad kom, teen die afdraand van die
Olyfberg, het die hele skare juigende volgelinge God uit
volle bors begin prys oor al die wonderwerke wat hulle
gesien het. 38 Hulle het gesing: “Loof die Koning, Hy wat
in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer
aan God in die hoogste hemel!”
39 'n Paar Fariseërs uit die skare sê toe vir Jesus: “Meneer,
maak stil u volgelinge!”
40 Maar Hy antwoord: “Ek sê vir julle: As hulle stilbly, sal
die klippe uitroep.”
41 Toe Hy nog nader kom en die stad voor Hom sien, het
Hy daaroor gehuil 42 en gesê: “As jy vandag tog wou insien
wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor.
43 Daar sal dae oor jou kom dat jou vyande vestings teen
jou oprig en jou omsingel en jou van alle kante beleër.
44 Hulle sal jou met die grond gelyk maak en jou inwoners
uitwis. Hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly

nie, omdat jy die betekenis van die tyd toe God gekom het om jou te red, nie besef het nie."

Ons lees tot hier en beweeg oor na 'n volgende dissipline vir 'n gefokusde lydenstyd, naamlik GEBED

Ons is by Jesus se laaste week op aarde. 'n Intense en aangrypende week wat voorlê. Die gebeure van hierdie week het die wêreld op sy kop gekeer. Hierdie Groot Lydensweek het die liefde van God vir sondaar mense kom bewys. God se liefde was toe nooit net lippetaal nie!

Daar sal hierdie Groot Lydensweek geen Whatsapp huisbesoeke wees nie, maar ek sal elke dag fokus op dit wat daardie dag in Jesus se laaste week op aarde gebeur het. Ek sal dit daagliks op die gemeente se Whatsapp groep plaas.

Ons noem die laaste Sondag voor Jesus se kruisiging, Palmsondag. Daarom die simboliek van palmtakke in ons gemeente se liturgiese ruimte. Op hierdie dag kyk ons na

die inhoud en betekenis van Jesus se intog in Jerusalem. Hierdie dag sou vir altyd die voorbereiding bied vir wat Jesus in die Groot Lydensweek moes deurmaak.

Almal het geglo Jesus was in Jerusalem soos al die duisende ander Jode. Hulle is daar vir die groot Paasfees. Hulle kom om fees te vier ~ God het hulle volk immers uit Egipte se mag van slawerny bevry. Hulle onthou toe God hulle hulpgeroep gehoor het en hulle van die slawejuk bevry het. Ongelukkig is hulle op daardie oomblik weer onder die slawejuk van die Romeinse owerheid. Hulle wens, hulle droom, hulle kan weer vry en onafhanklik oor hulself regeer. Jerusalem was ‘n warboel van bedrywighede.

Die skare het ‘n messias (‘n verlosser) verwag en nou sê die mens Hy is hier in Jerusalem. Hulle onthou Ou Testamentiese tekste soos Sagaria 9: 9 “Kyk, jou Koning kom na jou toe: Hy is nederig en ry op die rug van ‘n donkie, op die vul van ‘n pakdier.”

En daar is Jesus wraggies. Hy is soos die Ou Testament voorspel het op die rug van ‘n donkie (‘n pakdier), besig om Jerusalem binne te ry. Die opgewondenheid oorweldig hulle. Hulle begin dans en sing: “Hosanna vir die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die naam van die Here kom! Hosanna in die hoogste hemel!”

Hulle trek van hulle klere uit en gooi dit oor die donkie dat Jesus gemakliker kan ry. Hy sit nou nie meer op die natgeswete dier nie. Soos hulle militêre generaals en konings sou doen. Hulle breek palmtakke af en waai daarmee soos Jesus verbyry, soos hulle vir konings sou doen. Hulle gou takke op die grond voor die donkie, sodat Jesus nie in die stof sou ry nie ~ soos hulle vir generaals en konings sou doen.

Maar dit is nie waaroor Jesus gekom het nie. Jesus is en was en wou nie ‘n politieke verlosser wees nie. Hy wou die slawejuk van sonde vir die sondaar mens wegneem. Jesus het nie voldoen aan hulle Messias-verwagtinge nie. Jesus het Jerusalem ingery op ‘n donkie en nie op ‘n

oorlogsperd nie. Jesus was nie die Messias wat in hul verwagting geleef het nie. Jesus was nie die oorlogsheld met swaard in die hand, die Een wat wraak, oorlog, oorwinning uitroep nie. Jesus was op die rug van ‘n donkie, die Een wat binnekort met ‘n kruis oor sy skouer Golgota-heuwel sou uitstrompel.

Hierdie beeld van Jesus as Messias het die Jode nie aangestaan nie, het die Jode nie gepas nie, het nie voldoen aan hul verwagting van die Messias nie. Daarom die ontnugtering van die skare! Daarom draai hulle weg van Jesus, hul Messias, verlaat hulle Hom. Die feestelikheid stol tot niks! Later die middag is Jesus en Sy twaalf dissipels alleen in die tempel en verlaat hulle Jerusalem alleen.

Soos die Jode destyds, het ook elkeen van ons ‘n Godsbeeld, die manier waaroor ons oor God dink, ‘n verwagting van wie en wat Jesus in ons lewens moet wees. Hoe lyk my God? ‘n Jesus wat moet sorg dat ek en my geliefdes nie siek word nie, dat voorspoed altyd met

ons sal wees? ‘n Jesus wat op gereedheidsgrondslag moet wees as ek op sy nommer druk? ‘n Jesus wat gerieflik in my lewenstyl inpas sodat ek darem nou nie iets hoef op te offer nie, nie groot aanpassings hoef te maak nie, myself te verontrief vir wat Hy vra nie?

Jesus se oorwinning het nie gelê in die oorwinning van die Romeinse Ryk nie. Jesus se bevryding was nie die bevryding van die juk van Rome nie, maar die bevryding van die sonde en sondemag. Jesus se oorwinning was nie in die simboliek van ‘n oorlogsperd en ‘n swaard nie, maar as nederige op die rug van ‘n donkie, op pad na die kruis.

Dit is nie maklik nie. Hy sê ons het ‘n diepgewortelde weerstand daarteen. Maar navolging van Christus beteken navolging van wie en wat Hy homself openbaar het om te wees. So loop ons in die lydenstyd in die voetspore van Jesus. Of ons sien nie kans hiervoor nie en ons verlaat Hom soos die Jode.

Tekste: Galasiërs 5: 13-26; Lukas 19: 28-44; Sagaria 9:9.
Liedere: Gesang 164: 1-2; Gesang 393: 1-4; Gesang 389: 1-3; Gesang 387: 1, 2, 4.

Amen!

SLOTSANG: Gesang 389: 1-3

SEENGROET:

SLOTSANG: Gesang 387: 1, 2, 4